

21

DIE SKAAPWAGTERS EN DIE ENGELE Jesus se verjaardag

ALGEMENE DOELSTELLING

Die kinders moet hoor en glo dat die geboorte van Jesus ook vir ons goeie nuus is en dat dit groot blydskap in ons lewens bring.

SPESIFIEKE DOELSTELLING

Kennis

Die kinders moet weet –

- die boodskap van Jesus se geboorte is eerste deur engele aan skaapwagters in die veld vertel.
- die skaapwagters was aanvanklik bang, maar nadat hulle die kindjie gesien het, het hulle met blydskap die boodskap verkondig.
- die geboorte van Jesus is 'n boodskap wat vir mense groot blydskap gee.
- die boodskap van Jesus se geboorte moet vir almal vertel word.

Gesindheid

Die kinders moet –

- bly wees oor die geboorte van Jesus.
- graag vir almal van die geboorte van Jesus vertel sodat hulle saam bly kan wees.

Vaardigheid

Die kinders moet in staat wees om spontaan en met blydskap die boodskap van Jesus se geboorte aan ander te vertel.

MEER INLIGTING (Lukas 2: 8-20)

Die dag toe Jesus gebore is, was daar skaapwagters wat in die veld naby Betlehem hul skape opgepas het. Hulle het gewoonlik in die veld by hul skape geslaap. 'n Engel het vir

hulle kom vertel dat Jesus gebore is. Nadat die engel gepraat het, het baie ander engele ook gekom. Hulle het gesing en gejuig en die Here geloof en geprys. Die skaapwagters was eers baie bang toe hulle die engele sien. Maar toe hulle hoor wat die engel sê en wat die ander engele sing, het hulle baie bly geword. Die skaapwagters het toe Betlehem toe gegaan om vir Jesus en sy ouers te sien. Op pad terug het hulle vir almal vertel wat hulle gehoor en gesien het.

Die geboorte van Jesus is vir ons 'n goeie boodskap en ons moet dit vir almal vertel. Almal wat dit hoor en glo, sal baie bly wees. Ons is baie bly oor hierdie boodskap, nie omdat Jesus maar net nog 'n baba is wat gebore is nie. Nee, Hy is Jesus Christus, die Verlosser. Dit beteken dat Hy die Een is wat mense se sonde vergewe. Vergewe beteken om nie meer kwaad vir ons te wees en ons vir ons sonde te straf nie. Ons moet vir almal vertel dat Jesus hulle ook wil vergewe, sodat hulle wat dit hoor, bly kan wees en in Jesus kan glo.

AANBIEDING

Jy het nodig

- Die Bybel.

KOM ONS BEGIN

Open met gebed.

Sing Gesang 349: 1, 3 en 4 saam of lees dit voor. Verduidelik die moeilike woorde aan die kinders sodat hulle verstaan wat hulle sing.

*Kom, kinders, besing met 'n vrolike stem
die wonder van God in die stad Betlehem,
want daar is die Heiland gebore, dié nag,
die hoop van die wêreld, deur eeue verwag.*

*In need'rige krip was sy bedjie berei –
die Kind wat die harte van almal verbly.
Omhoog, uit die hemel, sing engele eer,
die herders en wyses kom kniel voor Hom neer.*

*Ons bring soos die herders en engele weer
aan Hom alle hulde, ons Heiland en Heer.
Verlos van die sonde, besing ons tesaam
die roem en die eer van sy heerlike Naam.*

HET HULLE ONTHOU?

Laat enkele kinders die woorde wat hulle moes leer, opsê: *Die Here is my herder, ek kom niks kort nie.*

VANDAG LEER ONS

BEGIN SO

Sing Gesang 364: 1, 2 en 3 saam of lees dit voor. Verduidelik die moeilike woorde aan die kinders sodat hulle verstaan wat hulle sing.

*Herders op die ope velde
het dié nag die eng'lekoor
met die blye evangelie
uit die hemel aangehoor:
Kom, loof die Heer, loof die Heer, loof die Here God
in die hoogste heem'le.
Kom, loof die Heer, loof die Heer, loof die Here God
in die hoogste hemele.*

*Met hul harte vol van vreugde
praat hul van die Jesuskind:
Herder vir die mens op aarde
wat verdwaaldes soek en vind.
Kom, loof die Heer, loof die Heer, loof die Here God
in die hoogste heem'le.
Kom, loof die Heer, loof die Heer, loof die Here God
in die hoogste hemele.*

*Ere in die hoogste hemel,
klink dit nou die wêreld deur:
Liefde, vrede, welbehag
daal in Jesus tot ons neer.
Kom, loof die Heer, loof die Heer, loof die Here God
in die hoogste heem'le.
Kom, loof die Heer, loof die Heer, loof die Here God
in die hoogste hemele.*

IETS INTERESSANT

Gebruik MEER INLIGTING en vertel die geskiedenis van die skaapwagters en die engele.

IETS BELANGRIK

Wat is die grootste geskenk wat jy vir die Here kan gee? Laat elkeen antwoord. Lei hulle om nie in die eerste plek te dink aan geld of geskenke nie. Dit moet gaan oor hoe hulle bely, dit wil sê, hoe lief hy of sy vir Jesus is en hoe hy of sy in liefde teenoor ander gaan leef.

IETS OM TE DOEN

Laat die kinders in hul boeke kyk en die verhaal van die engel en die skaapwagters in die veld vertel, tot waar hulle vir Maria en Josef met Jesus gesien het.

BY DIE HUIS

- Laat die kinders vir almal wat kom kuier hul boek wys. Laat hulle veral die prent van die skaapwagters en die engel wys, en dan Josef en Maria met Jesus, die baba. Laat hulle ook die verhaal vertel.
- Laat hulle die volgende woorde gaan leer: *Eer aan God in die hoogste hemel.*

AFSLUITING

Lees Gesang 349: 1 om God te prys.

*Kom, kinders, besing met 'n vrolike stem
die wonder van God in die stad Betlehem,
want daar is die Heiland gebore, dié nag,
die hoop van die wêreld, deur eeue verwag.*

Sluit dan af met 'n kort gebed waarin –

- God gedank word omdat Jesus gebore is, en
- God gevra word om altyd ons Herder te bly en ons altyd as sy kinders te aanvaar.